Tradisionele spele

"Moet nooit dat ' n wen na jou kop toe gaan, of ' n verloor na jou hart toe gaan nie"
- Anoniem

Doelwit: Om die Verkenner bewus te maak van sy kultuurtradisies en die gesonde beoefening van sport. Om die belangrikheid daarvan om aktief te wees te verstaan.

Weergawe: *2008*

Datum: *Februarie 2008*

Begronding:

Voortrekkerkode:

2. 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
4. 'n Voortrekker neem uit die verlede van die Afrikanervolk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker neem leiding.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC:

Deur die aanbieding van die kursus word al drie afdelings van die ABC aangespreek. Die tydperk waaruit die spele geneem word, verskaf die geleentheid vir die Verkenner om kennis op te doen oor 'n aspek van die Afrikaner se verlede wat reeds onbekend geraak het by meeste kinders. Die Verkenner sal ook geleentheid kry om die vaardighede wat hy aangeleer het op die hedendaagse lewe toe te pas. Wat burgerskap aanbetref sal die Verkenner die geleentheid kry om in 'n groep te funksioneer en sodoende 'n belangrike lewensvaardigheid aan te leer. Christenskap word aangespreek deurdat die Verkenner kennis sal opdoen oor die instandhouding van 'n gesonde liggaam en sodoende ook 'n gesonde gees. Daar word ook van die Verkenner verwag om te alle tye eerlik en eerbaar deel te neem aan die aktiwiteite.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie moet in groepsverband aangebied word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp, geakkrediteerder gebiedskamp of fasiliteerder		

Eksterne Akkreditasie:

Beheerliggaam:	Avontuur en Rekreasie Assosiasie (ARA)	**Vlak:**	ARA Vlak 1 (NQF 3)
Toekennings instansie:	ARA Geakkrediteerde gebiedskamp, ARA Geakkrediteerde Mobiele fasiliteerder		
Opmerking:	Enige kommando of gebiedskamp kan die spesialisasie aanbied. Slegs 'n geakkrediteerde gebiedskamp of mobiele operateur kan egter 'n sertifikaat uitreik wat deur die spesifieke beheerliggaam erken word.		
Intensiteit:	Lae intensiteit en risiko gradering		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Kennis dra van die geskiedenis, ontstaan, ontwikkeling en reëls van tradisionele spele:
   - 1.1 Die Verkenner moet verduidelik hoe 'n tradisionele spel in die verlede ontstaan het
   - 1.2 Die Verkenner moet verduidelik wat die doel van die tradisionele spel was
2. Kennis dra van die invloed van fisiese aktiwiteite op die menslike liggaam.

Tradisionele spele

3. Die reëls van verskillende spanspele op 'n elementêre vlak kan verduidelik:
   - 3.1 Die Verkenner moet die reëls van verskeie tradisionele spele aan sy mede Verkenner kan verduidelik
   - 3.2 Die Verkenner moet die reëls van verskeie tradisionele spele kan demonstreer
4. Aan verskillende spanspele deelneem:
   - 4.1 Die Verkenner moet aan minstens drie langer spele deelneem, bv. toutrek, kennetjie, jukskei, bok in die hok, lanternbekruip en giffie
   - 4.2 Die Verkenner moet aan minstens vier korter spele deelneem, bv. drie-been resies, eier-resies, sakresies, bokdrolspoeg, kussinggeveg, waterballon-gooi, vroteier, en topgooi.
5. Spanspeltoerusting ken en korrek kan aanwend en gebruik:
   - 5.1 Die Verkenner moet die regte spanspeltoerusting vir verskeie tradisionele spele kan identifiseer
   - 5.2 Die Verkenner moet 'n vooraf inspeksie op spanspeltoerusting kan uitvoer en 'n aksie kan uitvoer om gebreke, foute of skade reg te stel
   - 5.3 Die Verkenner moet die korrekte gebruik van spanspeltoerusting deurlopend kan monitor
6. 'n Spanspel ontwikkel en aanbied binne 'n groep:
   - 6.1 Die Verkenner moet 'n groep mede-Verkenners by die uitvoer van die spel kan betrek
   - 6.2 Die Verkenner moet elementêre speltoerusting by die spel kan gebruik indien van toepassing
   - 6.3 Die Verkenner moet verseker dat die reëls prakties uitvoerbaar is
7. 'n Spanspel kan afsluit en evalueer:
   - 7.1 Die Verkenner moet die aktiwiteit kan evalueer en aanbevelings t.o.v. verbeterings maak
   - 7.2 Die Verkenner moet die spanspeltoerusting kan nagaan vir onderhoud of skade en die toerusting voorberei vir berging
   - 7.3 Die Verkenner moet 'n verslag kan indien t.o.v. beskadigde toerusting
   - 7.4 Die Verkenner moet die toerusting kan berg volgens voorgeskrewe prosedures.

(Geskryf deur die Nasionale Jeugraad 2007/2008)